

Wit bekoor- likheid

'n Uitrusting wat
herinner aan
vervloë dae



BENODIGDHEDE: 4 bolle Pinguin-hekelgaring Nr. 8 (50 g elk); hekelpenne van 1,50 mm en 1,75 mm; bietjie stopsel om knope en bandjies mee op te stop; 2,2 meter batis, 112 cm breed; styfgaas om middelband mee te verstewig; rekgaring; 2 klein en 2 groter knope.

MATE: Om borsmaat van 81 cm te pas, lengte van bostuk 53 cm, mounaat 7,5 cm, lengte van onderlyfie tot onder arm 35 cm, lengte van romp 72 cm (dit kan verleng of verkort word).

SPANNING: een motief is 7 x 7 cm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; gs - glijpsteek; kb - kortbeen; hlb - halflangbeen; lb - langbeen; sp - spasië; ls - lus; beg - begin; tes - tesame; herh - herhaal; weersk - weerskante.

BOSTUK

EERSTE MOTIEF: Met 1,75-mm-hekelpen hekel 7 ks en gs in 1e ks om ring te vorm.

1e rondte: 12 kb in ring, gs in bopunt van 1e kb.

2e rondte: 4 ks, (1 lb in vlg kb, 1 ks) 11 keer, gs in 3e ks. Heg af.

3e rondte: 7 ks, *trek pen uit ls, steek pen in 'n 1-ks-sp van 2e rondte en trek ks-ls deur, hekel 1 kb in 2e ks vanaf pen, 1 hlb in vlg ks, 1 lb in elk van vlg 4 ks, hekel 10 ks; herh van *, hekel regs om in 'n kring voort op dié manier en eindig laaste herh met 3 ks i.p.v. 10 ks, trek pen uit en trek ls deur bopunt van 7 ks (wat reeds voltooi is) aan beg van rondte.

4e rondte: gs tot middel van 3 ks, 9 ks, 1 lb in dieselfde sp, * (6 ks, 1 kb in vlg 3-ks-sp) 2 keer, 6 ks, (1 lb, 6 ks, 1 lb) in vlg sp; herh van * 2 keer, (6 ks, 1 kb in vlg 3-ks-sp) 2 keer, 6 ks, gs in 3e van 9 ks aan beg.

5e rondte: gs tot middel van 6-ks-sp, 9 ks, 1 lb in dieselfde sp, * (6 ks, 1 kb in vlg 6-ks-sp) 3 keer, 6 ks, (1 lb, 6 ks, 1 lb) in vlg sp; herh van * 2 keer, (6 ks, 1 kb in vlg 6-ks-sp) 3 keer, 6 ks, gs tot in 3e van 9 ks aan beg. Heg af.

TWEDE MOTIEF: Soos 1e motief tot einde van 4e rondte.

5e rondte: gs tot middel van 6-ks-sp, 6 ks, 1 kb in hoek van 6-ks-sp van vorige motief, 3 ks, 1 lb in hoek-sp van 2e motief, (3 ks, 1 kb in vlg sp van vorige motief, 3 ks, 1 kb in ooreenstemmende sp van 2e motief) 3 keer, 3 ks, 1 kb in vlg sp van vorige motief, 3 ks, 1 lb in hoek-sp van 2e motief, 3 ks, 1 kb, in hoek-sp van vorige motief, 3 ks, 1 lb in hoek-sp van 2e motief, voltooi 5e rondte soos eerste motief.

LYFIE: Hekel motiewe en hekel een, twee of meer kante aan mekaar vas. Let daarop dat na die eerste hoekverbinding enige volgende verbindings in die eerste hoek-kb gehekel word. Hekel soos volg voort: Beg by onderste rand en hekel 12 motiewe om rondom te pas. Hekel en heg aan hierdie sirkel nog 4 volle sirkels van motiewe vas. (Let daarop dat die dik lyne op diagram mou-openinge, hals en halsopening voor voorstel.) Voeg daarna 'n groep van 6 motiewe vir agterpant by op die volgende manier:

AGTERPANT: Voeg 1 motief aan weersk by vir moue (raadpleeg diagram), hekel 2 ry van 8 motiewe en heg vas.

VOORPANT: Laat 3e en 4e motiewe vanaf regterkant los van mekaar bly, om opening voor te vorm, en voeg 1 ry van 8 motiewe by.

Halsvorming: Hekel en heg 'n ry van 3 motiewe aan weersk vas. Voeg laastens nog

VAN BLADSY 152

'n ry van 3 motiewe aan weersk by, en heg dit aan agter- en voorpant vas.

OMRANDING: Heg garing aan onderkant van halsopening voor vas, en met 1,50-mm-peekel aan regte kant van werk 1 ks, 3 kb in 1e sp, 5 kb in elke sp tot by hoek, dan steeds met 5 kb in elke 6-ks-sp en 3 kb in elke halwe sp waar motiewe aanmekaar gewerk is, hekel reg rondom halsopening, eindig met gs in 1e ks by onderpunt van opening, draai.

2e rondte: 1 ks, 1 kb in elke kb tot bopunt van regterkant van halsopening, 1 kb in elk van 4 kb, 3 ks, slaan 3 kb oor, 1 kb in elk van 10 kb, 3 ks, slaan 3 kb oor, 1 kb in elke kb tot einde, eindig met 1 kb in 1 ks, draai.

Laaste ry: 1 ks, 1 kb in elke kb en ks tot bopunt van halsopening, gs in vlg kb. Heg af.

Begin onder arms en hekel 2 rondtes kb rondom moue op dieselfde manier. Beg aan een kant, eindig aan ander kant en sorg dat dit netjies pas. Pars liggies.

KNOPE (hekel 2): Met 1,50-mm-hekelpen, 5 ks en gs in 1 ks om ring te vorm.

1e rondte: 6 kb in ring.

2e rondte: 2 kb in elke kb*.

3e en 4e rondte: 1 kb in elke kb. Heg af. Ryg afgedraad deur elke kb, stop knoop wat so vorm, liggies op, trek draad styf vas en werk dit vas. Werk knoop aan linkerkant van halsopening vas.


KOORD: Draai 'n koord wat 224 cm lank is.

Koordversiersel (hekel 2): Hekel soos knope tot*.

3e rondte: (1 kb in vlg kb, 2 kb in vlg kb) 6 keer.

4e, 5e en 6e rondte: 1 kb in elke kb. Heg af en werk af soos knope.

MOTIEF VOU



* Toon motiefnate

ONDERLYFIE EN ROMP

HEKELRANDJIES: Hekel 1 van 90 cm en 4 van 40 cm lank vir onderlyfie, en 2 van 202 cm lank vir romp.

Met 1,50-mm-hekelpen, *hekel 4 ks, 2 lb in 4e ks vanaf pen; herh vanaf * tot verlangde lengte bereik is. Heg af.

ONDERLYFIE: Knip 'n strook van 94 cm breed en 40 cm lank uit materiaal oor die breedte. Uit oorbl materiaal word 2 stroke van 8 x 44 cm vir skouerbandjies geknip.

Laat 2 cm toe vir inslag, en werk syrande van grootste strook toe om middelagternaat te vorm, laat 17 cm aan bokant oop. Werk naat netjies af en pars oop.

Vou 5 mm van boonste rand na binne om en knip gelyk. Vou dan weer 3,5 cm om en werk met vangsteek vas. Laat 5 mm vir inslag toe en werk die lang kante van elke skouerbandjie toe. Dop na regte kant om en pars sodat naat in middel val. Knip uiteindes gelyk.

Werk 'n hekelrandjie aan elke kant vas, maar laat 2 cm aan elke kant oop.

Werk ook 'n hekelrandjie rondom bokant van onderlyfie vas en werk skouerbandjies in posisie vas.

Soom onderste rand 1 cm om en werk met naaimasjien af. Werk met naaimasjien, aan verkeerde kant, die rekgaring rondom middel. Sluit bostukopening met 2 klein knopies en lusse.

ROMP: Knip 'n strook van minstens 72 cm lank al langs sykant van oorblywende materiaal af om 'n middelband te maak.

Knip oorblywende materiaal in 2 stroke van 84 cm lank.

Laat 2 cm toe vir inslag en werk sykante toe. Laat 20 cm oop vir opening bo.

Ryg bokant van elke stuk in tot helfte die maat van middel. Knip middelband tot regte lengte vir helfte van middel plus 1 cm aan elke kant vir inslag. Knip voorpant se middelband om ooreen te stem, maar laat 4 cm ekstra aan elke kant toe (3 cm vir oorslag plus 1 cm).

Vou 1 cm in en werk middelband vas. Omhul die styfgaas en laat 3 cm ekstra sonder styfgaas aan weerskante van voorpant se middelband toe.

Maak 'n knoopsgat in elke flap wat so gevorm is en werk knope aan albei uiteindes van agterpant se middelband.

Vou 5 mm op onderste rand in en knip netjies af, vou dan verder in om 'n soom op verlangde lengte te vorm en werk met vangsteek vas.

Werk dan 'n hekelrandjie oor die steke aan bokant van soom, (raadpleeg foto), en die oorblywende hekelrandjie word aange- werk oor vou van soom. Pars liggies.

ANADIN* Aspirien 400 mg Kafeien 22,7 mg per tablet *Gereg. Handelsmerk.



“Nou maak ek staat op die Anadin-verskil!”

600 mg Gewoon	600 mg Oplosbaar	800 mg Anadin
----------------------------	-------------------------------	----------------------------

Gewoon of oplosbaar, twee standaard sterkte Britse Farnakopee aspirin-tablette bevat 600 mg pynstiller. Twee Anadin-tablette bevat 800 mg.

“Ek het eers gedink pynstillers is almal dieselfde sterkte.

Toe ontdek ek die Anadin-verskil. En van nou af is dit waarop ek gaan staat maak vir die vinnige verligting van my pyn.”

Vir vinnige verligting - kry die Anadin-verskil.

